Toespraak deur Hermanus Beukes

National Archives of Namibia

CONF/0002, 96

Die beleid van ons regering, wat ook in die grondwet bevestig is, naamlik dat elke namibier kan woon waar hy wil, is een van die vereistes wat ons eerste staatsman Hendrik Witbooi aan sy teenstaander Maharero, gestel het. Hy ek ook, namens alle mense, soos hy dit gesê het, vereis dat mense vrylik deur die gebied wat onder beheer van die Herero kapteine was, hulle sou kon beweeg. Dt is die regte beleid vir ons land ook vandag wanneer ons self as vrye mense ons land se beleid kan opstel.

Maar nadat dit gesê is, wil ek graag opmerk dat die beleid nie vertolk mag word nie dat dit jou die rêg gee om te doen wat jy wil op 'n ander man se grond, hom ook aanrand en beroof ~~daar~~ – sonder dat die Regering hom sy beskerming sal wil gee.

Die Rehoboth Basters het sedert 1922, die stryd teen Suid-Afrika begin. Gerugsteun deur die Hereros, Namas en Damaras wat toendertyd vry in die Gebiet gewoon het.

In 1925 het hulle 'n hoë tol betaal toe hulle onverhoeds deur Suid-Afrikaanse troepe oorval is, wreed aangerand en bebloed in die tronk gestop is. In 1926 is die Namas verban na die Suide. In 1927 is die Hereros verban. En ofskoon dat die Basters heftig daarteen was, was hulle magteloos, omdat hulle ontwapen was. By die Damaras het hulle te lank gesloer, toe hulle daarmee wou begin, het die Basters weer hul selfvertroue herwin en het ons geveg dat

hulle vandag nog op Rehoboth sit.

Hierdie 4 groepe het van daardie jaar 1922 saam die stryd voortgesit, tot war dit op 21 maart 19 90 met sukses bekroon is.

Ek bedoel geensins om die aandeel, ook met bloedverlies, wat die ander van ons land se burgers tot sy vryheid bygedra het, te misken nie

Die doel van die stryd was om die reg te behou tot ons grond en om terug te wen wat van ons weggeneem is. Maar vandag mag dit nie daartoe

lei nie dat sommige van die land se burgers verdryf sal kan word van grondregte wat van sommige vereis word. Dit mag ook nie tot ontwrigting lei vir ons land se moontlikhede om aan sy mense se behoeftes te voorsien nie.